

Maandag 4 Junie

Skrifgedeelte: Esra 4:1-7

Fokusgedeelte: Esra 4:3

Die suiwer waarheid van die evangelie is ons trots!

Die Here het die Israeliete in ballingskap laat gaan na Babel, omdat hulle van Hom afgedwaal het. Hy het dit beskik dat hulle vyande hulle oorwin. Hulle het alles verloor, ook die tempel is verwoes. Tog was hierdie bitter moeilike tugtiging nodig. Toe hulle weer te-ruggekom het in Israel, was dit duidelik dat hulle die les van hulle lewe geleer het.

Die vreemde nasies wat hulle tydens die ballingskap in die omgewing van Jerusalem gevestig het, bied aan om te help bou aan die tempel. Ons sien egter die les wat geleer is daarin dat *die Israeliete botweg weier!* Hierdie nasies beroem hulle daarop dat hulle die Here ken, tog *dien hulle ook nog hulle afgode.*

Israel moes op die harde manier leer hoe kosbaar hulle godsdiens vir hulle is. Hulle moes leer dat jy hierdie kosbare goud dat jy die ware God uit genade kan dien, nooit laat vertroebel nie. Hulle het met die ballingskap beleef waarop stuur jou lewe af wanneer jy jou deur heidense gebruike laat beïnvloed en afvallig word. Die Here het hulle juis getugtig omdat hulle hul kosbaarste skat nie opgepas het nie. Hy tugtig hulle juis ook omdat hulle vir Hom kosbaar is. Die suiwer Waarheid is ons trots. Suiwer en onaangetas is Christus se liefde vir jou. Suiwer is ons hoop en ons ewige uitsig. Dien God dankbaar met suiwere lief-de. Wanneer ons afdwaal, kan Hy ons in ballingskap stuur in watter vorm dit Hom behaag, en die goddelose oor ons laat heers – totdat ons Hom alleen weer suiwer dien.

Sing: Psalm 25-1:4

Ds. HJ (Hennie) Briel (Petrusburg/Boshof)